Ges. 47: 1, 2. **Wie is Waardig?** Potch. Nd. 1.9.56.
" 46 : 13, 13, 14. Openb. 5: 1-14
" 191 : 6.

Openb. 5: 2b - „Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek?

Die boek Openb. is 'n boek wat handel oor die laaste dinge, oor die voleinding v.d. tye, die afsluiting v.d. gesk. v.d. wêreld. Dit vertel ons dus v. dinge waaroor ons so graag meer wil weet: die dinge v.d. toekoms. Maar van dié dinge weet ons so min - hulle is en bly vir ons onbekend. Hulle is soos d. inhoud van 'n geslote boek - ondeurgrondelik. Daarom is ons so dankbaar dat daar 'n boek in die Bybel is wat ons meer lig op die toekoms kan laat werp.

Maar nou is dit juis die klagte dat dié boek in die Bybel wat veronderstel is om dinge aan ons duidelik te maak, die dinge vir ons nog meer onverstaanbaar en raaiselagtig maak deur al die visioene en gesigte en simbole in die boek.

Op d. oog miskien d. geval: in werklikheid laat dit vir ons 'n wonderlike lig opgaan oor d. verlede en oor d. toekoms, oor die groot en enige plan wat God besig is om in en deur sy skepping uit te voer met sy Kerk en sy Kinders op aarde. 'n Pragtige uiteensetting en verduideliking van hd plan vind ons in hoofst. 4 en 5.

In hfs. 4 word vir ons 'n beskrywing gegee van die visioen v.d. heelal soos dit vanaf die troon v God ittt hemel bestuur word: God wat op d. troon sit, omring deur d. 24 oudstes (12 v 12: Ou en Nuwe Bedeling) en die 4 lewende wesens - verteenw. d. ganse skepping, (d. 4 windstreke) Die visioen bring d. één boodsk: „Die Here regeer: laat die volke bewe! Hy troon op die gerubs; laat die aarde sidder!"

En dan volg d. gesig in Openb. 5 wat ons soos volg wil benader:

## I Die Verseëlde Boekrol in Gods hand:

In vdie. regt: „En ek het in d. regterhand van Hom wat op d. troon sit, 'n boek gesien". Gods regterhand is d. simbool van sy godd. gesag, sy majesteit en sy heerskappy. In dd. hand hou God die boekrol van binne. sowel as van buite beskrywe — tot oorlopens toe vol. Hd. boekrol is d. uitbeelding van Gods ewige plan van sy godd. raad wat Hy van alle ewigheid bepaal en besluit het. Dit versinnebeeld Gods deel m. d. ganse heelal, gedurende die hele gesk. i.v.m. alle mense van alle tye tot in alle ewigheid. Daarom is dit so vol geskrywe aan alle kante. Alles wat sou gebeur was daarin tot d. fynste besonderhede aangeteken. Niks is aan d. toeval oorgelaat nie.

Maar die boek was verseël — goed, dig, deeglik verseël met 7 seëls — die getal v. volheid (Kon nie meer verseël word nie). Die weg tot geluk en vrede en seën was verseël, toegesluit. — toegesluit deur d. mens se sonde. Solank die rol verseël bly sou Gods verlossingsplan nooit bekend word en nooit uitgevoer kon word nie. Dan is alles tevergeefs: tevergeefs dat d. aarde geskape is, tevergeefs dat d. mens gebore is, tevergeefs dat ons soek na geluk.

Vs 2-3: Iemand moes d. boek oopmaak — maar wie? Die sterk engel roep met 'n groot stem uit: Teks - maar niemand in d. hele skepping antwoord nie! Niemand kon na vore nie! Niemand waag om dit oop te maak of daarin te kyk nie! Is daar nie iemand nie? Maar wie?

## II Die Geopende Boekrol in Xt. se Hand: Vs 5: „Toe sê een v.d. ouderlinge vir my: Moenie ween nie: kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek."

„Een v.d. ouderlinge:" Hoekom nie God self nie? Hoekom nie 'n engel nie? Hoekom nie? Omdat die persoon wat dié boek. mos bring iemand moes wees wat self die verlossing in sy siel moes ervaar het — spreek namens al d. gelowiges. die Kerk.

„Die Leeu uit d. Stam v. Juda": Gen. 49: 8. 9. — Niemand anders as d. Here J. Xtus! Waarom dan hd. snaakse 2 name? ① Gee uitdr. aan wat Hy kon doen het: Leeu — groot krag ② „Wortel van Dawid" (Matt. 22: 41-45 en Jes. 11: 1, 10 = die beloofde Messias

„Oorwin": Oorwin oor d. sonde, oor graf en dood en hel, oorwin deur vir ons sonde te boet!

„'n Lam asof geslag": „Lam": Jes. 53 en Joh 1: 29

„Asof geslag": Oorwin maar al d. tekens van lyding en sterwe dra Hy nog. „Staan": In volle krag!

„Neem d. boek (v. 7)": By sy hemelvaart die magtiging ontvang om die heelal namens God te regeer, ooreenkomstig Gods ewige raadsbesluit.

III Die Spelende Hope in d. Onderstinge se Hand:

Betekenis van hd. gesig vir ons tyd:

(2) Xtus d. enigste persoon wat d. raad van God a.d. mens kan verklaar: & volvoer:
nie Mohamed, nie Buddha, Maria
— Xt. se 1e Koms: O.T. sy betekenis gekry
— " " 2e " : al d. tussentyd ——

(1) God se ewige raadsplan vir sy Kind, sy Kerk:

(3) Xtus se bdsk. altyd mees : jubellied:
a) Nuwe lied
b) as Priesters & Konings op aarde heers
c) verkondig!